

# Lexikos 9

---

*Redakteur*

*Editor*

J.C.M.D. du Plessis

*Resensieredakteur*

*Review Editor*

T. Harteveld



African Association for Lexicography

AFRILEX-REEKS 9:1999

AFRILEX SERIES 9:1999



BURO VAN DIE WAT

STELLENBOSCH

---

# Afrikaanse Spreekwoorde en Uitdrukkings: 'n makrostrukturele beskouing

Chrisna Beuke-Muir, *Departement Germaanse en Romaanse Tale,  
Universiteit van Namibië, Windhoek, Namibië*

---

**Abstract:** *Afrikaanse Spreekwoorde en Uitdrukkings: A Macrostructural Study.* A restricted synchronic dictionary such as *Afrikaanse Spreekwoorde en Uitdrukkings* has an important role to play in modern lexicography where user-friendly reference sources facilitate communication. A considerable number of theoretical guidelines exist for the choice of lexicon items to be included in a dictionary, and this review article attempts to provide some pointers. The research also includes sociolinguistic implications which result from the compilation of the macrostructure of a particular dictionary. The focal points are firstly taboos to which lexicographers of Afrikaans dictionaries are subjected, and secondly establishing which expressions fall within the limits of idiomatic language usage. The treatment of idiom-like collocations particularly appears to be problematic. Another issue which will be considered briefly, is the morphological presentation of lemmas.

**Keywords:** PROVERBS, SET EXPRESSIONS, IDIOMS, COLLOCATIONS, KEYWORDS, TARGET USERS, POPULATION GROUPS, OTHER SOCIAL GROUPS, RACIST LANGUAGE, OFFENSIVE LANGUAGE, NEOLOGISMS, LEXICOGRAPHICAL LABELS, MORPHOLOGICAL PRESENTATION

**Opsomming:** 'n Beperkte sinchroniese woordeboek soos die *Afrikaanse Spreekwoorde en Uitdrukkings* het 'n belangrike rol te vervul in die moderne leksikografie waar gebruikersvriendelike naslaanbronne kommunikasie vergemaklik. Heelwat teoretiese riglyne bestaan vir die keuse van taalvorme wat in die woordeboek ingesluit moet word, en hiendie resensieartikel probeer om 'n paar rigtingwysers te verskaf. Die ondersoek betrek ook sosiolinguïstiese implikasies wat volg uit die samestelling van die makrostruktuur van 'n betrokke woordeboek. Die fokuspunte is eerstens die taboes waaraan leksikografie van Afrikaanse woordeboeke onderwerp word, en tweedens die bepaling van watter uitdrukkings binne die grens van idiomatiese taalgebruik val. Veral die hantering van idiomagtige kollokasies blyk problematies te wees. 'n Ander kwessie wat kortliks aandag sal geniet, is die morfologiese aanbieding van trefwoorde.

**Sleutelwoorde:** SPREEKWOORDE, VASTE UITDRUKKINGS, IDIOME, KOLLOKASIES, TREFWOORDE, TEKENGEBRUIKERS, BEVOLKINGSGROEPPE, ANDER SOSIALE GROEPPE, RASSISTIESE TAAL, KWETSENDE TAAL, NUUTSKEPPINGS, LEXIKOGRAFIESE ETIKETTE, MORFOLOGIESE AANBIEDING

## 1. Inleiding: fokus en werkswyse

Die *Afrikaanse Spreekwoorde en Uitdrukkings* (voortaan kortweg *ASU*) se makrostrukturele samestelling sal die fokuspunt in hierdie artikel wees. Dit sluit aspekte soos die volgende in: die afbakening van begrippe soos *spreekwoorde*, *vas-te uitdrukkings*, e.s.m., die omvattendheid van 'n beperkte sinchroniese woordeboek soos die *ASU* en die opname van gemerkte taalvorme. Ook sal die morfologiese aanbieding van trefwoorde aandag geniet.

Die drie en twintigste uitgawe van die *ASU* kan o.a. beoordeel word op grond van die mate waarin die volgende belangrike tendense aan bod kom:

- die makrostrukturele samestelling n.a.v. die titel en die Toeligting,
- die opname van kollokasies,
- die beleid oor die opname van kwetsende taal,
- nuwe leksikale items,
- die ontsluiting van pragmatiese inligting m.b.v. etikette, en
- die morfologiese aanbieding van trefwoorde.

Die terme *lemma* en *trefwoord* moenie as sinonieme gebruik word nie (Gouws 1989: 36). Die onderskeid tussen hierdie twee terme is funksioneel omdat *lemma* volgens Gouws na daardie element verwys "wat in 'n woordeboek opgeneem word en volgens die betrokke woordeboek se ordeningsbeginsel ... geplaas word en van inligting voorsien word". Die term *lemma* verwys nie net na elemente wat woordstatus het nie, maar ook na elemente wat subleksikale of multileksikale eenhede is. Daarteenoor verwys *trefwoord* na 'n element wat woordstatus het. Vervolgens sal die term *trefwoord* gebruik word om na daardie element te verwys wat in die *ASU* opgeneem word en alfabeties geplaas en van inligting voorsien word.

In die *ASU* word die trefwoorde met 'n aanvangshoofletter geskryf. Hierdie praktyk wat nie in die *ASU* se voorloper — voortaan kortweg *ASU-1* — gevolg is nie, bring verwarring mee omdat die onderskeid tussen eiename en ander woorde minder opvallend is. Slegs trefwoorde wat verband hou met eiename (bv. *Simson* in 'n *Simson*) behoort met 'n hoofletter opgeneem te word. Sowel idiome, spreekwoorde, e.s.m. as die trefwoorde waaronder hulle opgeneem is, word in hierdie artikel vet gedruk.

## 2. Die omvang van die makrostruktuur

### 2.1 Die keuse van die makrostruktuur n.a.v. die titel

Beperkte sinchroniese woordeboeke se beperktheid is daarin geleë dat die leksikograaf 'n spesifieke doel met die bepaalde woordeboek het (Gouws 1989: 67). Uit die titel van die *ASU* sou afgelei kon word dat die doel met hierdie woordeboek is om Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkings as 'n soort onderafde-

ling van die leksikon van die Afrikaanse taal aan te bied. Indien hierdie onderafdeling van die Afrikaanse leksikon in 'n gespesialiseerde woordeboek opgeneem word, sal die gebruiker sekere verwagtings koester ten opsigte van die makrostruktuur. Die woordeboekgebruiker sou van so 'n gespesialiseerde woordeboek verwag dat dit vir die leksikograaf 'n besliste prioriteit sal wees om die leksikonitems van die spesifieke subtaal so volledig moontlik op te neem. In die Toeligting word die verwagting uitgespreek dat indien die gebruiker nie oor 'n omvattende woordeboek beskik nie, die ASU geraadpleeg kan word. 'n Omvattende Afrikaanse woordeboek is gerig op die Afrikaans in sy wydste omvang, en dus word die verwagting geskep dat nie net standaardtaal in die ASU opgeneem sal word nie.

## 2.2 Die begrippe *spreekwoord*, *vaste uitdrukking*, *idioom* en *kollokasie*

Die afbakening van die begrippe *spreekwoord*, *idioom*, *vaste uitdrukking* en *kollokasie* is noodsaaklik omdat hulle 'n rol speel in die keuse van die makrostruktuur van die ASU.

In die HAT word *spreekwoord* en *idioom* onderskeidelik soos volg gedefinieer:

**spreekwoord** Kort, kernagtige gesegde, gewoonlik welbekend en oud, waarin 'n algemene waarheid of wyse les uitgedruk is: *Die mōre-stond het goud in die mond ...*

**idioom** ... Vaste uitdrukking, *segswyse* wat eie is aan 'n bepaalde taal, bv. *noustrop trek, in die broek sit*.

Die WAT definieer *idioom* soos volg:

**idioom** ... Vaste uitdrukking, frase, gesegde van 'n taal, wat eienaardig is òf ten opsigte van grammatikale bou òf in sy betekenis wat gew. nie logies afgelei kan word van sy samestellende dele nie; eie manier van segging: *Die segswyse wat eie is aan 'n bepaalde taal, dikwels ijd-vorm van 'n stukkie beeldspraak of vergelyking, word 'n idioom genoem ...*

Benson (1985: 68) se definisie van 'n *idioom* is die volgende: "an idiom is a relatively frozen expression whose meaning does not reflect the meaning of its component parts". Hy tref 'n onderskeid tussen *idiome* en *spreekwoorde*. Oor *spreekwoorde* laat Benson hom soos volg uit: "(they) convey folk wisdom or an alleged general truth" en gee dan as voorbeeld *a bird in the hand is worth two in the bush*. Hy voer die onderskeid verder op 'n sintaktiese vlak deur te sê dat *spreekwoorde* gewoonlik as volsinne voorkom, terwyl *idiome* normaalweg dele van sinne verteenwoordig.

Zgusta (1971: 152) se siening van *spreekwoorde* stem ooreen met dié van Benson. Hy (1971: 147) tref die volgende onderskeid tussen "real idiomatic expressions" en ander "multiword lexical units": terwyl *meerwoordige leksi-*

kale eenhede direkte betekenis het ("i.e. they simply designate a denotatum etc."), het ware *idiomatiese* uitdrukkings gewoonlik deurgaans figuurlike betekenis. Hy stel dan ook die begrippe *idiomatic expressions* and *set expressions* gelyk aan mekaar.

Volgens Gouws (1989: 97) is 'n kollokasie "'n kombinasie van verskillende leksikale items wat dikwels saam gebruik word", en die volgende voorbeelde word aangegee: 'n plegtige belofte, 'n beroep uitbring, in 'n stadium.

Hoewel Ponelis (1979: 352) nie die begrippe *kollokasie* of *vaste uitdrukking* eksplisiet definieer nie, kan uit die voorbeelde wat gegee word, sekere afleidings gemaak word. Onder die benaming *vaste uitdrukkings* word onder andere die volgende aangegee: *spoorloos verdwyn*, *intiem ken*, *onwrikbaar glo*, *botweg weer*, *bloedig vererg*, *rot en kaal besteel*, *voor jou siel weet*.

Uit die verskillende definisies hierbo kan die volgende afgelei word:

- Volgens die WAT en die HAT het *idioom* en *vaste uitdrukking* min of meer sinonieme betekenis. Zgusta (1971: 147) verklaar dat "real idiomatic expressions" figuurlike betekenis het. Die begrip *spreekwoord* (in teenstelling met *idioom*) blyk 'n bykomende nuanse te hê deurdat dit meestal 'n geykte uitdrukking, en gewoonlik volsinne verteenwoordig. *Kollokasies* is uitgesluit by die begrippe *spreekwoorde*, *idrome* en *vaste uitdrukkings* deurdat hulle afsonderlike komponente se leksikale betekenis steeds gehandhaaf word (Gouws 1989: 227).
- Dit blyk dat die voorbeelde wat Ponelis (1979: 352) onder *vaste uitdrukkings* aangee (bv. *spoorloos verdwyn*, *intiem ken*, *onwrikbaar glo* e.s.m.) eerder *kollokasies* is volgens die betekenis wat Gouws en Benson aan *kollokasies* toese.

In hierdie artikel sal die term *idrome* vervolgens gebruik word as verwys word na *idrome* en *vaste uitdrukkings* soos wat die HAT, die WAT, Benson en Zgusta hierdie begrippe definieer. Die term sal ook *spreekwoorde* soos wat dit deur die HAT en Benson verklaar word, insluit. Verder sal daar van die standpunt uitgegaan word dat 'n *idioom* wat die *tekstuur* materiaal van die ASU behoort te wees, oor die volgende eienskappe beskik: figuurlike betekenis (wat nie afleibaar is uit dié afsonderlike komponente nie) en grammatiese vastheid (wat betref sintaksis en morfologie).

### 2.3 Kollokasies in die ASU

Die belangrikste doel van 'n beperkte *idioomwoordeboek* is om die totale betekenis van die komponente van die *idioom* weer te gee (Zgusta 1971: 209). Dit laat die vraag ontstaan of *kollokasies* tuis behoort in die ASU as beperkte *synchroniese woordeboek* waarin *idrome* en *spreekwoorde* verklaar word (vervolgens

genoem *idioomwoordeboek*), aangesien kollokasies op 'n kontinuum vanaf heel deursigtig tot feitlik idiomaties aangedui kan word (Carstens 1992: 1).

Volgens Benson (1985: 62) is kollokasies nie idiome nie, aangesien hul betekenis ongeveer afleibaar is van die betekenis van hul komponente. Hierdie beskouing blyk te simplisties te wees, en hy laat hom ook nie uit oor die belangrike kwessie dat 'n kollokasie soms 'n idiomatiese karakter kan hê nie.

Volgens Carstens (1992: 2) lê die verskil tussen kollokasies en idiome hoofsaaklik op semantiese vlak. Ter illustrasie gebruik sy (1992: 4) o.a. die kollokasies *vuil grappe* en *flou verskonings*, en is van mening dat as een van die konstituente (*vuil* in eg. en *flou* in lg.) figuurlik geïnterpreteer kan word, sodanige kollokasies 'n "grenskategorie" vorm tussen kollokasies en idiome. Sy beskou hierdie tipe kollokasies as nieprototipiese idiome binne die kognitiewe benadering. In die ASU is bogenoemde voorbeelde nie opgeneem nie, maar tereg word kollokasies soos 'n groot bek hê (*grootpraat*; *windmakerig wees*) en gebroke oë (*sterwende oë*) opgeneem.

Carstens (1992: 4) onderskei 'n verdere kategorie kollokasies waarin die werkwoorde 'n verswakte, *gegrammatikaliseerde betekenis* het (bv. 'n besluit *neem*, 'n hoes *gee*, beswaar *maak*). Sy (1992: 5) is van mening dat hierdie tipe konstituente vir hul betekenis hoofsaaklik afhanklik is van die betekenis van hul medekonstituente. Sodanige kollokasies waarin die werkwoord 'n verswakte, *gegrammatikaliseerde betekenis* het soos 'n kans *gee*, jou belofte *hou*, illusies *hê* en die voorneme *hê* wat almal in die ASU opgeneem is, vertoon verder feitlik geen idioomkarakter nie, en hul opname sou bevreemtelik kon word. 'n Kollokasie soos *jou debuut maak* sou kon tuishoort in hierdie kategorie. Maar die opname is in hierdie geval tog geregverdig: die letterlike betekenis van *debuut* wat volgens die HAT as "eerste openbare optrede van 'n skrywer, kunstenaar, ens." aangegee word, het betekenisverruiming ondergaan sodat 'n idiomatiese betekenis — volgens die ASU "jou eerste verskyning maak; vir die eerste keer deelneem" — ontwikkel het. Dieselfde argument kan vir inskrywings soos *amok maak*, en 'n hoofrol *speel* aangevoer word. Sodanige kollokasies het wel 'n idioomkarakter, en is tereg in die ASU opgeneem.

### 3. Kwetsende taalgebruik

#### 3.1 Die Buro van die WAT se beleid t.o.v. kwetsende taalgebruik

In die Toeligting tot die ASU word gemeld dat kwetsende segswyses met betrekking tot bevolkingsgroepe weggelaat is. Die WAT verklaar die term *bevolking* as die aantal persone wat op 'n gegewe tydstip 'n bepaalde gebied bewoon. Hiervolgens sal die inwoners van Duitsland, Nederland, Suid-Afrika, e.s.m. as afsonderlike bevolkingsgroepe beskou kan word. By verdere navraag onder kollegas en medemoedertaalsprekers van Afrikaans, word *bevolkings-*

groep ook geïnterpreteer as "mensse behorende tot dieselfde etniese groep". Laasgenoemde interpretasie sal in hierdie artikel geld.

In die beleid van die Buro van die WAT (voortaan kortweg Buro) oor die opname van kwetsende taalgebruik word gemeld dat die onophefbaarheid van eienskappe wat toegeken word aan sekere kwetsende taalvorme 'n essensiële kenmerk is wat bv. rassismes van ander vorme van kwetsende taalgebruik soos vloekwoorde onderskei. Van die drie kategorieë kwetsende taalvorme wat die Buro identifiseer (Harteveld en Van Niekerk 1995: 238-243), is dit veral twee wat vir hierdie artikel van belang is, nl. (i) rassismes bv. aia, Boesman, kaffer, Kleurling, hotnot, Kaaskop, witvel, en (ii) seksismes en sensitiewe leksikale items wat gestigmatiseerde seksuele verskynsels, praktyke en voorkeure aandui bv. oujongnooi, snol, kween, moffie.

Wat rassismes betref, maak die Buro 'n onderskeid tussen volledig rassistiese en gedeeltelik rassistiese leksikale items. Gedeeltelik rassistiese taalvorme word meer volledig bewerk as volledig rassistiese taalvorme. Volgens die Buro se beleid word rassistiese uitdrukkinge geleemmatiseer, geëtiketteer en uiters sensitief en neutraal bewerk (Harteveld en Van Niekerk 1995: 239, 240). Ook seksistiese taal word volledig bewerk, onderworpe aan 'n reeks voorwaardes (Harteveld en Van Niekerk 1995: 241-243).

Dit is dus verblydend dat dit nie die beleid van die Buro is om weg te skram van rassistiese en seksistiese taalvorme nie, hoewel dit met die nodige sensitiwiteit gehanteer word. Uitsers noodsaaklik is die etikettering van sodanige taalvorme, met dié verstandhouding dat die etikette volledig in die Toeliquing verklaar word, en die woordeboekgebruiker dus onomwonde bewus gemaak word van die negatiewe konnotasies van die betrokke taalvorme.

Daar bestaan uiteenlopende menings oor die hantering van rassismes en seksismes in woordeboeke. Die resensent glo persoonlik dat rassistiese en seksistiese taal nie uit 'n woordeboek geweier mag word nie, aangesien woordeboeke alle manifestasies van taal in die samelewing behoort te weerspieël. Die gees van versoening wat toeneem onder sprekers van Afrikaners in Suider-Afrika skep 'n klimaat waarin die beleving van rassismes (en seksismes) minder fel is (Harteveld en Van Niekerk 1995: 238).

Dit blyk dat hierdie standpunt ook tot op regsvlak aanvoel word. Hauptfleisch (1993: 114, 115) maak melding van hofsake waarin uitgewers hulself moes verdedig oor rassistiese taal in woordeboeke. In die meeste gevalle het die uitgewers die saak gewen. Hauptfleisch glo dat die redakteurs van woordeboeke hulle nie onnodig moet laat terroriseer deur emosionele opwellinge van groepe nie, en dat weldeurdagte woordeboeke waarin omstredende taalvorme gehanteer word, die deurslag moet gee.

### 3.2 Die hantering van kwetsende taal in die ASU

Taalvorme soos 'n Boesmantjie doodslaan, los hotnot, bleekvel, en iemand is skeef is nie opgeneem nie, terwyl Kaaskop, Woltoon en Vaalpens wel inge-

sluit is. Hieruit sou afgelei kon word dat daar nie konsekwent te werk gegaan is met die opname van kwetsende taal in die ASU nie. Sosiologies kan dit wyer reperkussies hê deurdat dit 'n sekere stigma van oorsensitiwiteit aan die betrokke groep waarna die taalvorm verwys, laat kleef.

### 3.3 Die teikengebruiker

Die vraag ontstaan: in hoeverre mag die leksikograaf deur die sosiale samestelling van die samelewing beïnvloed word in die bepaling van die makrostruktuur? Hauptfleisch (1993: 119) gee die volgende riglyn: hy gaan van die veronderstelling uit dat kwetsende taal veral uit skoolwoordeboeke geweer behoort te word.

Dit sou egter die nadeel inhou dat dit reeds op 'n vroeë leeftyd by die leerling die wanbegrip kan laat posvat dat woordeboeke net "netjiese" taal akkommodeer (en dat taalvorme wat nie in die woordeboek opgeneem word nie, as 't ware nie gereken word as behorende tot die taal se woordeskat nie).

In die Toeligting van die ASU word daar nie eksplisiet gemeld wie die teikengroep is nie. Die enigste leidraad wat hieroor onder die subopskrif "Hoe volledig is die versameling?" gegee word, is dat die behoeftes van die "gewone leser" as oorweging gebruik is vir die opname van sekere taalvorme. Dit verskerk die idee dat die ASU nie bedoel is om as 'n skoolwoordeboek te funksioneer nie. Dus sou die weglating van kwetsende taal nie op grond van hierdie argument geregverdig kon word nie.

Volgens Householder en Saporta (1962: 279) is een van die kriteria waarvolgens die teikengroep vir 'n woordeboek bepaal word, die vlak van taalkennis. Die teikengroep vir die ASU is sowel moedertaalsprekers as niemoedertaalsprekers, en daarvan getuig die baie nuttige tweetalige indeks wat die woordeboek vir Engelsprekendes gebruikersvriendelik maak.

## 4. Vernuwing

In die Toeligting word gemeld dat die ASU hersien is, en meer omvattend is as sy voorganger. Dit blyk dat 'n groot aantal taalvorme wat in die ASU-1 verskyn het, in die nuutste weergawe weggelaat is terwyl slegs enkele nuut bygekome het. Onder die letter A is 204 idioome (bv. onder die trefwoorde aalwynpil, aangeskole, e.s.m.) weggelaat terwyl twee onder die trefwoorde agterhoede en as (die agterhoede dek en iets is 'n groot "as") bygekome het. Verder is weggedoen met verskeie uitgediende betekenisonderskeidings wat in die ASU-1 vermeld is onder die lemmas wat ook in die ASU verskyn. Daar is dus 'n daadwerklike poging aangewend om ou hout uit te sny.

In teenstelling met die wegdoen van verouderde idioome, is daar nie veel nuwes toegevoeg nie. Dit dui nie noodwendig op 'n tekortkoming nie aangesien nuutskappings (en dan spesifiek nog idiomatiese nuutskappings) nie som-



mer oornag ontstaan nie. Tog ontbreek dit nie aan nuutskappings nie, veral ten opsigte van relatief nuwe werklikhede soos die televisie (kassie, vierkantige oë), die rekenaar (blikbrein) en veral die nuwe politieke Suid-Afrikaanse bestel (reënboognasie, soustrein).

## 5. Etiket

### 5.1 Die Toeligting

Leksikografiese etikette word gebruik om pragmatiese inligting in woordeboeke te ontsluit, en meer spesifiek gee dit inligting oor die beperking in die gebruik van die lemma (Gouws 1989: 4). Etiketwaardes behoort in die Toeligting verklaar te word. Die enigste etikette wat in die ASU voorkom, is *verouderd* en *plat*, maar slegs *verouderd* word verklaar as verwysend na items wat "dikwels nog in ouer geskrifte opduik". Die etiket *plat* is egter nie verklaar nie. Veral ten opsigte van *stilistiese* etikette is 'n uitleg van etiketwaardes onontbeerlik.

### 5.2 Nuutskappings

'n Nuutskapping sou in die ASU as sodanig gemerk kon word met dien verstande dat dit verkry word uit 'n *gerekenariseerde* databasis waarin die data gekoppel word aan 'n vasgestelde tydperk. In die Toeligting sou die tydperk deur middel van 'n jaartal aangedui kon word. So sou byvoorbeeld taalvorme wat sedert die *televisie-era* ontstaan het, met *nuut geëtiketteer* kon word, en in die Toeligting sou *nuutskapping* bv. verklaar kon word as "taalvorme wat na 1970 ontstaan het".

### 5.3 Kwetsende taalgebruik

Kwessies rondom die opname van kwetsende taal in die ASU is reeds breedvoerig in afdeling 3 van hierdie artikel bespreek. Kwetsende taalvorme behoort opgeneem te word met die nodige etikette om hul beperking in gebruik aan te dui. In die ASU sou meer as een etiket (bv. *rassisties* en *seksisties*) gebruik kon word om die betrokke *kwetsende* taalvorme te merk. Selfs *verskillende* grade van *rassisties* sou deur middel van etikette aangedui kon word. So sou die etiket *rassisties* volledig *rassistiese* taalgebruik (volgens die Buro se beleid) kon uitwys, terwyl gedeeltelik *rassistiese* taalvorme geëtiketteer kon word met die etiket *gedaeltelik rassisties*. Die etiketwaardes moet dan duidelik in die Toeligting verklaar word.

## 6. Trefwoorde

### 6.1 Morfologiese vorm

Die ASU het verbeter op sy voorganger deurdat 'n **snaakse** entjie mens onder die trefwoord entjie opgeneem is, en nie meer onder ent nie. So ook is loop voor die pad vol duwweltjies is opgeneem onder duwweltjies en nie onder duwwels soos in die ASU-1 nie. Hierdie praktyk is egter nie konsekwent toegepas nie, want **flikkers gooi**, **fonteintjie**, **ek sal nooit weer van jou drink** nie en **jou kaiings sal braai** is onder **flikker**, **fontein** en **kaiing** onderskeidelik geplaas. Aldrie hierdie gevalle is in die ASU-1 korrek onder **flikkers**, **fonteintjie** en **kaiings** gehanteer. Die gevalle **kapriolle maak** en **kluitjies bak** is weer, soos in die ASU-1, onder **kapriol** en **kluitjie** onderskeidelik behou.

Indien 'n trefwoord net in die verlede tyd in die idioom funksioneer, behoort die trefwoord in sy verledetydsvorm te verskyn. So moes iemand geweeg en te lig bevind eerder onder geweeg verskyn het en nie onder weeg nie.

Dieselfde argument geld as 'n verlede deelwoord in die idioom voorkom en as trefwoord funksioneer. So moes op jouself aangewys wees eerder onder aangewys as trefwoord verskyn het, en nie onder aanwys nie, en iets op sy elf-en-dertigste doen eerder onder **elf-en-dertigste** geplaas gewees het as onder **elf-en-dertig** soos dit in die ASU die geval is.

Indien idiome twee verskillende gebruikswyses het deurdat hulle in die onverboë en in die verboë vorm as verskillende idiome gebruik word (bv. **eend in die maklik gesê**, **maar die eend lê die eier**, en **eendjie** in 'n lelike **eendjie**) sou dit die woordeboek gebruikersvriendelik maak om beide die trefwoorde op te neem.

Indien 'n skeibare werkwoord in 'n idioom soos **hef aan lê** nog voor slegs in sy **geskeide** vorm voorkom, behoort die idioom onder **hef opgeneem** te word, en nie onder **aanhef** soos in die ASU nie.

In die ASU word nie eksplisiet voorbeeldmateriaal aangegee nie. Dat die idioom in die meeste gevalle ook 'n gebruikspatroon aangee, het tot gevolg dat voorbeeldmateriaal nie so noodsaaklik is in 'n idioomwoordeboek nie. Voorbeeldmateriaal sou egter nuttig wees om die verskillende gebruike van die trefwoord uit te wys indien die trefwoord in sowel sy onverboë as verboë vorm in dieselfde idioom gebruik kan word.

In algemene woordeboeke verskyn lemmas gewoonlik in hul onverboë vorme. By 'n idioomwoordeboek sou 'n ander **kriterium** kon geld. As 'n trefwoord in die idioom slegs in die verboë vorm voorkom en nooit in die onverboë nie, behoort die trefwoord in die **betrokke verboë** vorm opgeneem te word. Watter redaksionele beleid ook al geld, behoort duidelik in die Toeligting uitgespel te word.